Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2020-11-16

Geagte Ouer/Voog

SPESIALE OMSENDBRIEF - TOETSREEKS

TOETSROOSTER (GR 4 - 7) - MNR DENNER

DATUM	VAK	GR
Maandag, 23 November	Engels	4 - 7
Dinsdag, 24 November	Lewensvaardigheid Lewensoriëntering	4 - 6 7
Woensdag, 25 November	Wiskunde	4 - 7
Donderdag, 26 November	SW (Geografie)	4 - 7
Vrydag, 27 November	Afrikaans	4 - 7
Maandag, 30 November	SW (Geskiedenis)	4 - 7
Dinsdag, 1 Desember	EBW	7
Woensdag, 2 Desember	NW en Teg NW -	4 - 6 7
Donderdag,3 Desember	Tegnologie	7

BELANGLIKE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE TOETSREEKS

1. Tydens die toetsreeks sal daar studietyd toegelaat word, voordat die vraestel geskryf word.

2. Leerlinge wat tuisonderrig ontvang (aanlyn)
   Gr 4 en Gr 5 leerlinge skryf hulle toetse 12:15 in die middag
   Gr 6 en Gr 7 leerlinge skryf saam met hulle grade om 09:45

3. Slegs leerlinge wie se ouers toestemming verleen kan hulle kinders vanaf 11:45 of 12:00 kom afhaal. (Graad 1 tot 7) Hierdie reëling sal geld vanaf Maandag, 23 November tot en met Donderdag, 3 Desember 2020. **Geen leerling wat nie die toestemmingsbrief inhandig sal toegelaat word om die skoolterrein te verlaat voor 13:30 nie**.

4. Alle leerlinge wat nie om 11:45 / 12:00 huis toe gaan nie sal in 'n toesigklas geplaas word in elke graad tot 13:30.

5. Die leerlinge moet asseblief elke dag tydens die toetsreeks teenwoordig wees. Geen vraestelle kan vooraf of na die tyd afgelê word nie. **Indien u kind siek is, stuur asseblief 'n doktersbrief na die registeronderwyser**.

6. Ons versoek dat ons ouers sal toesien dat ons leerlinge hard leer aangesien die werk meer is en dit 'n **amptelike toetsreeks** is.

7. Verdaging van leerlinge in die middae tydens die toetsreeks is as volg:
   Gr 1, 6 en 7 verdaag 11:45
   Gr 2,3,4,5 en LSEN verdaag 12:00

WENKE VIR DIE TOETSREEKS

- Beplan jou studievertrek
  - Genoeg lig en lug
  - Sit regop
  - Sonder jouself af, weg van geraas
- Om makliker te leer maak opsommings vir jouself.
- Moenie al die werk op een dag probeer leer nie, probeer van die werk voor die tyd leer. (Veral op naweke kan dit goed werk.)
- Gaan slaap vroeg in die aand.
- Voordat jy skool toe kom eet eers ontbyt.
- Drink genoeg water.
- Voordat jy die vraestel beantwoord lees eers vinnig deur die vraestel.
- Indien daar 'n vraag is wat jy nie dadelik kan beantwoord nie, moenie wag nie, gaan dan na die volgende vraag.
- Nadat jy al die vrae voltooi het, gaan jou vraestel weer deur en kyk of jy nie dalk 'n verkeerde antwoord ingevul het nie.
- Sterkte met die toetsreeks!

Elsiegroete

WF GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:

ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)

www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toetsreeks

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____ in Gr ____ toestemming dat hy/sy vanaf Maandag, 23 November tot Donderdag, 3 Desember 2020 om 11:45 (Gr 1,6 en 7) / 12:00 (Gr 2,3,4,5 en LSEN) huis toe mag gaan.

Ek onderneem ook dat my kind netjies geklee sal wees (skooldrag en hare volgens die skoolreëls) tydens die komende toetsreeks.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer